

# die **COURANT** Uitgawe 272

Gratis • Free

hugenotestraat 24, malmesbury

21 Mei 2014

tel: 022 487 3221

## Fokus op Weskus sake-toekennings bl 10 - 15

### Swartland (kuier) in Parys



Die Swartland Wyn- en Olyfroete het die afgelope naweek op die walle van die Vaalrivier by Parys die streek se produkte bekendgestel. Besoekers het gesellig gekuier met wyn, kos en musiek.

Sien fotobeeld op bl. 5.



Johan Vlok (links) van Het Vloek Casteel het ook uitgestal.



Willie Liebenberg (regs) van Kloovenburg skink van dié landgoed se wyn.

## • ALTERNATIEWE BRON - EERSTE VIR STREEK Bio-krag opgewek

Swartlanders kan hulself solank voorberei dat elektrisiteit binnekort uit dieremis opgewek gaan word – op 'n plaas buite Malmesbury.

'n R150 miljoen-projek word tans beplan deur Sean Thomas, 'n ingenieur en entrepreneur met 'n MSc-graad in Vloeibare Meganika, verwerf by die Universiteit Pierre & Marie Curie in Frankryk. Thomas is die stigter van Bio2Watt, die maatskappy wat sy eerste Suid-Afrikaanse biogas-projek pas voltooi het (die Bronkhorst-spruit Biogas Projek) en nou beoog om die Cape Dairy Biogas Plant op die plaas Mōrester te bou. Bio2Watt bou en bestuur die aanleg self.

Thomas het dié nuwe kosep aan *die courant* verduidelik:

Vir die vooraf-fase is die vereiste lisensies die eerste, baie belangrike stap. Daarsonder is finansiering buite die kwessie. Dis 'n lang, uitgerekte proses en vereis 'n reeks spesialisstudies, soos omgewing-impakstudies. Die lening kom hoofsaaklik van die IDC (Industrial Development Corporation), vennote van die eerste biogas-projek en die Noorweegse Ontwikkelingsfondse.

Ons hoop om die finansieringsproses teen Junie af te handel en 'n paar maande later te begin bou. Die konstruksiefase is kort – ongeveer nege maande - wat beteken dat die Cape Dairy Biogas-

aanleg einde 2015 kan begin krag opwek.

*Hoe werk 'n bio-gasaanleg?* Die aanleg bestaan uit 'n reeks reuse-tenke waarbinne bees- en enige beskikbare diere-mis met organiese landbou-afvalstowwe (kos, vrugte, groente, abattoir- en vet-afvalstowwe) gemeng word; alles wat binne 'n 100km-radius opgelaa kan word. Binne die lugdigte tenks word alles op 'n natuurlike wyse deur bakterieë afgebreek totdat metaangas ontwikkel. Die metaangas aktiveer gas-enjins wat op dieselfde beginsel as dieselenjins aangedryf word en alternators aktiveer om 'n wisselstroom op te wek.

Dié beginsels klink eenvoudig, maar dis bitter belangrik om die regte tegnologie-vennoot te hê, iemand met genoeg kennis om te verseker dat die afvalstowwe teen presies die regte temperatuur, suurgehalte en koolstof-nitrogeenkoers gehou word, anders kan die geprojekteerde produksie vinnig afneem en die projek se sukses ondermyn word.

Die elektrisiteit sal in die Eskom-kragnetwerk gevoer word, vanwaar dit deur die gewone elektrisiteitskanale landwyd versprei word.

*Werkseeping vir die omgewing se mense?* Sodra die aanleg voltooi is, sal dit deur sowat 10 mense per skof beman kan word. Die kundigheid sal wissel, van ambagslui wat dieselenjins

verstaan, tot kenners soos chemiese ingenieurs. 'n Reeks 'groen' poste sal beman kan word deur ongeskoolde werkers, hoofsaaklik vir die aanry van afvalstowwe.

*'n Mens verwag dat reuke sinoniem is met so 'n aanleg – watter voorsorgmaatreëls sal julle tref?* Reuke by 'n biogas-aanleg ontstaan wanneer die afval in die oopte gestoor word. Ons gaan die hoeveelheid afval só bestuur dat dit met aankoms direk na die lugdigte tenke gevoer word vir die suurstofvrye aftakelingsproses. Ons gaan dus daagliks net soveel afvalstowwe aanry as wat ons benodig.

Ons kan daagliks 200 kubieke meter afvalstowwe verwerk – 'n ideale geleentheid vir groot melk- en varkplase om op 'n omgewingsvriendelike manier van hul afval ontslae te raak. Die afval wat teen die einde van ons kragopwekkingsproses uit die aanleg kom, sal baie meer gekonsentreerde bemesting bied as die aanvanklike rouprodukt. Die biogas-aanleg kan ook baie druk van die Malmesbury Rioolwerke aphaal.

*Waarom die aanleg hier ontwikkel?* Die nabygeleë N7 en die groot konsentrasie melkplase in die gebied, (elkeen met 'n groot hoeveelheid beesmis), speel beslis 'n baie groot rol in die besluit. 'n Ander rede is dat my vrou van Malmesbury af kom.

**BIERMAN GROBBELAAR**  
oogkundiges • optometrists

Prima Sentrum Malmesbury 022 482 4454  
Piquetberg Mall Piketberg 022 913 1349  
Besoek ons webtuiste: [www.biermangroup.co.za](http://www.biermangroup.co.za)

**HYUNDAI MALMESBURY**  
022 482 4141

Jaco Jooste 079 502 7074 [jaco@omnicars.co.za](mailto:jaco@omnicars.co.za)  
Cobus Edas 082 616 0811 [edas@omnicars.co.za](mailto:edas@omnicars.co.za)  
Gerhard Murtz 081 018 2540 [gerhard@omnicars.co.za](mailto:gerhard@omnicars.co.za)

**L LATEGAN'S**  
sementwerke • cement works

Sedert 1954 Since  
*Swartland se betonvennoot*

022 482 4766 • [sales@lategans.co.za](mailto:sales@lategans.co.za) • [www.lategans.co.za](http://www.lategans.co.za)

**HENK'S VLEISMARK**

Nou oop! Sondag 09:00 tot 12:00

Ons verkoop **GEEN** ingevoerde produkte nie.

BOKOMOWEG 30, MALMESBURY TEL: 022 482 1511

<b>FROZEN MIXED CHICKEN BRAAI PORTIONS</b> 5KG	<b>12 STUK VARS HOENDER BRAAI PAK</b>
<b>R109.95</b>	<b>R32.95/kg</b>
<b>FROZEN WHOLE BIRDS</b>	<b>A-GRADE BEEF STEW</b>
<b>R24.95/kg</b>	<b>R46.85/kg</b>
<b>TRAY 30 UNWRAPPED EGGS</b>	<b>FROZEN BREAST FILLET</b>
<b>R32.50</b>	<b>R39.95/kg</b>

Valid from 21 May until 26 May 2014  
White Stocks Lasts

**Choice @ Furniture**  
Malmesbury  
Stunning Home Decor

Trotse verskaffer van Cloud Nine, Truform en Rest Assure beddens, egte leer rusbanke, sleeper-hout meubels, eetkamerstelle, sitkamerstelle en banke, asook "country" meubels en nog vele meer.

• Jacques Rose: 084 511 5082 • Muller Venter: 079 413 2520  
Voortrekkerweg, Malmesbury. Skuins oorkant Malmesbury Motors  
[sales@choicefurniture.co.za](mailto:sales@choicefurniture.co.za) Faks: 080 244 3222

LAY-BUYS ACCEPTED  
credit Apply in store!

NOU beskikbaar **twisp**

*A house is a home when it shelters the body and comforts the soul.*